VERSLAG VAN DIE WERK VAN DIE N.G.SENDING O.V.S.

IN N.O.RHODESIA, 1929-1930.

1. ## STATISTIEK.

Getal Kristene	7175
Doopklasiede	3348
Volwassenes gedoop	303
Kinders gedoop	388
In doopklas opgeneem	506.
Huwelike	113
Bydraes £326.12. 5.	
Buiteposte	481
Onderwysers	401.
Skoolgaandes	24721
Senior Evangeliste	15
Inboorling Leraars	1

2. ## KERKLIK.

Van 'n sterk gesonde Kristelike lewe in die Kerk kan ons nie getuie nie. Die meeste wat ons kan sê is dat die werk nie onvrugbaar is nie.

Die opkoms by die gewone dienste is nie swak nie. Algemeen word egter gevoel dat die getal heidene wat die dienste bywoon maar klein is. Om die egte heidene te bereik sal ons meer evangelisasie werk moet doen. Daar is gevaar dat die opvoeding ons aandag te seer in beslagneem ten koste van die evangelisasie werk. Die getal wat in die doop klas opgeneem is, is klein in vergelyking met vorige jare. Dieselfde geld van die getal volwassenes wat gedoop is.

Die gemeentelike bydraes was minder dan die vorige jare. Dit is deels te wyte aan die gebrek aan verdienste weens die bedrukte toestand van die tabakboere, en ook aan die nuwe eksodus van ons manslede na die nuwe kopermyne in die weste. Die volkies word nou met lorries van hier vervoer na die myne. 'n Tydjie gelede het 'n jong Transvaler, wat nie so lank gelede op Lusaka gaan woon het nie, hier by my met sy lorrie. "Het jy 'n vrag om terug te neem?" vra ek hom. ~~"no~~ "Nee nog nie" sê hy "maar ek hoop om 'n vrag skepsels terug te neem vir die myne." Dit lyk of die vragte skepsels 'n betalende besigheid is. Baie van ons kerklede moet nog tot 'n besef kom van hulle plig omtrent gee vir die saak van die Heer. Dit is dan ook die grootste rede waarom die bydraes nie meer is nie.

'n Stap vooruit en 'n rooiletter dag in die geskiedenis van ons Sending is die ordening van ons eerste Inboorling Leraar op Sondag 29 September. Ons het die beste verwagtinge van hom, en dank die Heer vir so 'n vrug op ons werk. In verband met tugsake is daar 'n bemoedigende verskynsel in die laaste tyd, en dit is vry algemeen in ons gemeentes. Mense wat voor die Kerkraad kom, kom skuld bely sonder dat daar eers 'n lang reeks van getuies moet opgeroep word om sy/haar skuld te bewys. Dit beteken dat dit minder van 'n "mrandu" (hofsaak) is, en die Kerkraad soveel makliker 'n helpende hand kan uitsteek om boetelinge terug te help.

'n Saak wat die ernstige aandag van die Kerk eis, is die opvoeding van gedoopte kinders van Kristen ouers. Dit is maar al te duidelik dat 'n groot deel van hierdie kinders as heidene opgroei, en as hulle opgroei

hulle grootword nie kom om belydenis van hulle geloof af te le, en as lede van die Kerk bevestig te word nie. Die Kristelike huisgesin waar die vader en moeder alles te sê het oor die kinders, en die opvoeding van hulle kinders ter eerste instansie in hulle hande is, ontbreek nog in die sosiale stelsel van die Inboorling van hierdie land. Was dit nie vir ons Buitepos skole nie sou hierdie kinders nog minder kans hê vir 'n Kristelike opvoeding. By 'n bespreking van die saak in die Gemeente Raad is daar nadruk op gelê dat die skool die beste middelis om in hierdie behoefte te voorsien solang as die ouers nog so magteloos is. Hoe noodsaaklik dus dat die Sending sy invloed in die skool sal behou!

Die twee gemeentes Magwero en Tamanda is nou verenig met middelpunt op Tamanda. Omdat Magwero die eerste gemeente van ons Sending is, en ons die geskiedkundige naam Magwero op kerklik gebied wil behou, het ons die verenigde gemeente die dubbelloop naam van Magwero-Tamanda gegee. Die lede van Magwero se grootste beswaar was die kerkgebou wat hulle moes laat agterbly. Ons hoop dat N.G.K. Sendingkommissie sal hulle nog tegemoet kom en hulle help met die bou van 'n nuwe kerk op Tamanda.
Een van die grootste behoeftes op kerklik gebied is georde mande manne. Tenminste drie is nodig - een om die plek van Eerw.v.d.Merwe in te neem, een vir die plek van Eerw.Visagie van wie ons onoffisiëel gehoor het dat hy nie weer terug kom nie, en 'n derde om die voorsitter van die Sending Raad los te maak van die verantwoordelikheid van 'n groot gemeente. Oor hierdie laaste is daar 'n besluit van die Raadskommissie.

3. SKOOLWERK.

Ons Normaalskool het sy gang gegaan sonder 'n landbou instrukteur, en later in die jaar sonder die dienste van Mnr. Liebenberg, die hoof van die inrigting. Na Junie maand het sy keel hom al begin pla en later kon hy nie meer sy werk behoorlik waarneem nie. Dit spreek vanself dat die werk hieronder gely het. Met die hulp van Mej.v.Niekerk is die werk voortgesit. Mej.Botha moes haar plek op Msadzu gaan neem, en die skoolwerk hier op Ft. Jameson gedoen word deur 'n Inboorling. Ons hoop dat met die nuwe werkers in die persoon van Mnr.v.d.Walt wat nou hoof is, en Mnr.Taljaard as landbou en industriële instrukteur, die Normaal goeie vooruitgang sal maak.

Met die Standaardskole by die stasies, en die Sentrale Buiteposskole vorder dit maar langsaam. Omdat die Goewerment in die afgelope jaar nie geld vir Sentrale Buiteposskole gegee het nie, is daar nie nuwes begin nie. Op die Sentrale-B.P.skole word nie Engels geleer nie, en dit is een van die redes waarom die skole nie byval vind nie. Die Goewerment eis nie Engels op hierdie skole nie, en ons onderwysers is ook nie bevoeg om les daarin te gee nie. Maar die Inboorling is nou eenmaal versot op Engels en wil dit hê al is dit nou ook al van die "okosi (ox) bokosi (box), a feti cati seti on a meti" soort.

Die evangelisasie krag van die Sending le nog by die gewone B.P. skole waar ons 'n vry hand het. Mag dit lank duur! Ons Inboorling onderwysers staf word kleiner. Van ons ou staatmakers word nou "old crocks", ander verlaat die werk omdat hulle moeg daarvan is of beter verdienste soek. Betreklik min nuwes bied hulle self vir die werk aan. Ons hoop dit is maar 'n oorgangs periode en dat die getalle later weer sal regkom. As ons egter let op die getalle Buiteposte (481) en onderwysers (40o) dan is die saak ernstig. Ons sing nou in baie gevalle op twee skole met een onderwyser - helfte van die kwartaal by die een en die ander helfte by die ander skool. Vir 'n paar jaar sal dit nog nodig wees om ook op ander stasies onderwysers op te lei soos dit nou geskied op Msadzu, Nyanje en Merwe. Hulle is van ons onderwysers wat al lank in diens is, en nou verder onderrig ontvang om hulle kursus in die Normaalskool te kom klaar maak. As die klomp klaar is kan ons vir die tot ons met twee of miskien net een inrigting klaar kom.

MEISIES TEHUISE. Drie is nou in volle swang - op Madzimoyo, Nyanje en Merwe. Op Magwero is 'n begin gemaak met 'n vierde. Dit is 'n moeilike werk. Die dissipline van so 'n inrigting is vir die meisies

vreemd, en die bloedjies wil maar kort-kort wegloop en moet dan weer gemaal word. Maar die matrones trap vas, en rapporteer almal van vooruitgang met die werk. 'n Vereiste vir hierdie werk is 'n deeglike kennis van die volksgewoontes, en daarom is die voorbereidende onderrig in Bantologie wat die dames nou op Friedenheim kry van soveel waarde. As hulle in die veld kom kan hulle voortbou op die lyne wat hulle aangewys is.

SKOOL VIR BLINDES OP MAGWERO: Die skool is nou van Nyanje na Magwero verplaas. Daar is kans vir 'n groot sentrale inrigting vir Rhodesië en Nyasaland. Die Nyasa-Goewerment het reeds £25- gestem vir kos vir blindes wat uit Nyasaland na ons inrigting kom. Ons verwag hierdie kwartaal of so gou as die reëns verby is, omtrent 10 uit Nyasaland.

LOCAL ADVISORY BOARD OF NATIVE EDUCATION: Dit is ook 'n nuwigheid wat in die afgelope jaar tot stand gekom het, maar ons meen dit is 'n baie goeie ding. Dit is saamgestel uit verteenwoordigers van al die genootskappe wat in die Ft. Jameson magistraats distrik werk, met 'n paar goewerments amptenare ook daarop. Die liggaam moet die direkteur van onderwys met raad dien omtrent onderwys sake in hierdie distrik.

4. MEDIES.

Met hierdie deel van die werk gaan dit soos gewoonlik. Die dokter en verpleegsters op die verskillende stasies doen 'n groot werk om die lyde van die mense te versag en die mag van die bygeloof te verbreek.

Die leprosorium op Msadzu met suster Erasmus as matrone is nou 'n werklikheid. Eers in Oktober van die afgelope jaar het die Goewerment finaal toegestem om die streek vir die kolonie af te baken. Ons het toe so gou as kan daarna met die permanente geboutjie wat as apteek ens. moet dien 'n begin gemaak, en dit is nou byna voltooi. Dit staan op Sending grond op die lyn van die stasie wat grens aan die kolonie en is ons eiendom. Die Goewerment het nou weer £50 gegee om voorsiening te maak in die water voorraad. Daar is nou 50 melaatse gevestig op die kolonie en ander kom nog van hulle dorpe vir inspuitings.

Met die skool op MadziMoyo vir die opleiding van hospitaal assistente is nog nie 'n begin gemaak nie. Ons het £100 van die Goewerment vir 'n gebou gekry, maar nou haak die "red tape". Die Goewerment eis dat die verpleegster wat in die skool moet help ten volle gekwalifiseerd moet wees. Mej.Jansen het nie die volle kwalifikasie nie, en ons het nie iemand anders vir die pos nie. Daar word ook nog onderhandel oor die krusus. Die P.M.O. van die Goewerment wil nog 'n bietjie tyd hê om die ding deur te kyk. So tal die saak. Die beste sal wees dat die Sending op eie houtjie sal begin al moet ons eers self daarvoor betaal. As die skool eers in werking is sal die Goewerment dit ondersteun. Ons sal seker later nog 'n volle gekwalifiseerde verpleegster kry en dan is die saak gevonde. Ons het in elk geval nog vir Merwe en Hofmeyr 'n verpleegster nodig. Met die invordering van fooie vir verpleging is op sommige stasies 'n begin gemaak.

Die gesondheid van die Sending personeel was deurgaans nie so gunstig nie. Ons het die treurige sterfgeval van Eerw.Visagie gehad, twee van die staf moes die land verlaat weens hulle gesondheids toestand, en andere was siek vir 'n kortere of langere tyd. Maar ons begin die nuwe jaar met nuwe moed. Die Heer sal voorsien.

5. WERKWINKEL.

Met die beste wil van die wêreld kon die jong Mnr.Dippenaar nie al die bou en timmerwerk behartig nie. Die gevolg is dat daar vanjaar weer meer werk is dan wat hy waarskynlik sal kan doen. Hy vra meer werksvolk (timmermans). Die Raadskommissie het besluit om hom hierin tegemoet te kom. Ons hoop die Sendingkommissie sal dit toestem. Mnr.Dippenaar het bewys gelewer dat hy bekwaam is en opsig kan hou. Dit sal dus nie betaal om hom met 'n man te laat aansukkel nie met die massa van werk op hande.

5. BOERDERY.

Sien bygaande verslag en finansiële staat. Dit is nodig dat ons in die reine kom omtrent die boerdery. Daar is min kans dat ons vir die eerste paar jaar veel wins in kontant geld sal maak as ons die salaris van die Sending boer byreken. Wat ek destyds gesê het toe die herbegin van die boerdery in ons raad ter sprake was tydens die besoek van ons laaste deputasie, wil ek beleefdelik herhaal. Die bewerking van die plaas verhoog die waarde daarvan in die toekoms. Dit is een van die beste plase in die land, en om die plaas te laat lê vir 'n appel en 'n ei te verhuur, sal 'n groter verlies wees dan die salaris van die Sending boer. Uit hierdie oogpunt beskou is die boerdery in 'n gesonde toestand.

Verder wil ek byvoeg dat daar 'n vooruitsig is van 'n groter mark vir ons produkte. Hier word 100 myl van Ft. Jameson op drie plekke koper myne geopen. Dit is nog 'n spekulasie of daar iets van die myne sal kom, maar hulle spandeer al heelwat geld aan geboue en ontwikkelings werk. Die myne in die weste sal ook 'n mark aanbied sodra daar 'n goeie pad is. Nog dit moet uit die pen: Br. van Eeden sloof hom af vir die boerdery, en ek meen iemand anders sal nie veel beter doen as hy nie./

KANTOOR.

Die kantoor is 'n besige plek wat veel meer tyd vereis as net die boekhou wat daar gedoen word. Oor die toestand van die boeke sal die Kerkekantoor oordeel as die boeke eersdaags daar aankom.

Die instelling van rekwisisies werk vir die algemeen goed. As ons seker kan wees dat die geld wat die Sendingkommissie gestem het en waarvoor ons gerekwiseer het dadelik sal kom, sal daar min moeilikheid wees. Ons verlang dat aan ons die reg sal gegee word, dat as geld waarvoor gerekwiseer is nie so gou kom nie, ons 'n ander plan hier mag maak, asook in die geval van dringende onvoorsiene onkoste.

Die Boekwinkel word nou gedryf soos deur die Sendingkommissie laas vasgestel. Ons hoop dit sal goed gaan op die duur.

Met verskuldigde eerbied bied ek die H.E.Sendingkommissie hierdie verslag aan in die hoop dat dit sal help tot bevordering van Gods Koninkryk. Mag Gods seën rus op u groot en verantwoordelike werk in die jaar wat op hande is.

U dienstw. dr. en Br. in Kristus.

C.P.PAUW.
Voorsitter van die Sendingraad.

Fort Jameson.
22 Jan. 1930.